

GESKIEDENIS EN DIE INVLOED VAN TAKE OP DIE HOUDING VAN OUERS IN DIE PRIMÊRE SKOOL

S J Esterhuizen (OKVO)

In hierdie artikeltjie wil ek 'n saak aanvoer wat van aktuele belange is vir die toekoms van die vak Geskiedenis en ouers se houding teenoor die vak.

Dit is 'n opvoedkundige beginsel dat leerlinge nie net in die klas sal luister nie, maar hulle moet ook aktief **selfwerksaam** wees. Hierdie selfwerksaamheid kan ook uitdrukking vind in die opgelegde huiswerktake.

Die take kan verskillende vorme aanneem. Dit kan kort take wees; meestal vrae oor die afgehandelde werk — dit vind die kind meestal nie moeilik om te beantwoord nie. Dit kan ook langer opstelle wees, of dit kan korter en langer opdragte en werkstukke wees wat die kind aan die hand van bronne moet uitwerk. Die oorgrote meerderheid geskiedenisbronne is moeilik geskryf en ook nie altyd beskikbaar nie. Dit bestaan uit gevorderde handboeke (veral die wat 'n oorsig oor die geskiedenis gee), monografieë, verhandelinge, ontledings, verklarings, gevorderde beskrywings van historiese gebeurtenisse en verskynsels, bronnepublikasies, dokumente, dagboeke, en bibliografieë. Dan verskyn daar gereeld akademiese artikels in tydskrifte, en meer populêr geskrewe artikels in koerante. Al hierdie bronne (die oorgrote meerderheid altans) is bo die vuurmaakplek van primêreskoolleerlinge en vir die meeste juniorsekondêreleerlinge baie moeilik verteerbaar.

Hierdie bronne is grootliks in biblioteke gehuisves. Skoolbiblioteke beskik oor 'n aantal en dorpsbiblioteke beskik ook oor 'n meerdere of mindere getal. Dit is egter eintlik net universiteitsbiblioteke wat oor 'n besondere versameling historiese werke beskik. Min skole is naby universiteite en meeste kinders moet van die bronne in die skoolbiblioteek en ander plaaslike biblioteke gebruik maak!

Uiteraard wil die onderwysers die leerling se selfwerksaamheid bevorder. Dit is hier waar die onderwyser se opdragte baie probleme skep en waar die ouer se beeld van die onderrig van Geskiedenis op skool erg negatief beïnvloed word. Die ongunstige beeld kry ons nie net in die primêre skool nie maar ook by 'n groot persentasie ouers met leerlinge wat geskiedenis in standerd 6 en 7 bestudeer. Waar lê die probleem?

Daar word take aan leerlinge opgedra waaroor die bronne nie in die skoolbiblioteek te kry is nie, of ook nie in die dorpsbiblioteek nie. Daar word take aan leerlinge opgedra sonder dat bronne genoem word. Daar word take aan kinders opgedra wat die kind net nie kan baasraak nie. Lees maar net enkele van die opdragte wat leerlinge kry. Die volgende voorbeelde is sprekend:

● Standaard 2

Beskrywe die lewensgeskiedenis van Paul Kruger.

Wie is die argitek, die boumeester en bouer van die Provinsiale gebou in Pretoria, wanneer is met die

bouwerk begin, en hoe lank het dit geneem om dit te bou. **(Die sillabus vra dat die leerlinge waarnemingsgeskiedenis sal doen en nie die besonderhede naslaan wat selfs volwassenes nie hoef te weet nie).**

● Standaard 3

Skrywe die geskiedenis van ons vlag en wat is die betekenis van die vlag.

● Standaard 4

Die sillabus vra 'n studie van die hoofmomente van die geskiedenis, maar die leerlinge moet werkstukke voltooi oor diepgaande konstitusionele kwessies.

● Standaard 5

Skrywe 'n opstel oor die soldate in die Kompanjiesdiens aan die Kaap.

Standaard 6 en 7 kan net so oorlaai word. 'n Voorbeeld van wat 'n standerd 7 klas moes deurworstel is: "Beskrywe die politieke beleid van generaal Jan Smuts."

(Hierdie voorbeelde is nie die presiese bewoording van opdragte nie — maar dit illustreer die strekking van dusdanige take wat oor die onderhawige sake gestel is).

Niemand kan die ouers verkwalik nie as hulle ongelukkig hieroor is, omdat 'n taakopdrag binne die bevatlikheidsvermoë van die kind moet lê, en die bronne beskikbaar moet wees.

Die ideaal is dat die nodige bronnemateriaal selfs in pakketvorm beskikbaar sal wees. Hier doen bv. die Jackdaw-series wat in Brittanje verskyn 'n groot diens aan die kind en die ouer. Die taak moet sodanig wees dat die ouer dit nie eers moet lees en dan aan die kind verduidelik nie. Die taak moet nie sodanig wees dat dit die kind maagsere laat ontwikkel nie. Die taak moet 'n uitdaging aan die kind wees, **want hy moet self werk**, maar dit moet hom nie 'n doodskoot gee nie. Natuurlik sal daar leerlinge wees vir wie die opdragte moeiliker sal wees, maar met die nodige bronnemateriaal byderhand sal die outjie wat die werk baie moeilik vind, tog iets daaruit kan haal.

Dit is dringend noodsaaklik dat 'n herwaarderding van die taakopdragte gedoen sal word. Dit is noodsaaklik dat die take nie die kind wegjaag en die ouer op loop jaag nie. **Dit is dringend nodig dat die saak van geselekteerde bronnemateriaal die aandag van alle betrokkenes sal kry.** Hoe wonderlik sal die onderrig van geskiedenis nie wees as **elke taak gepaard kan gaan met 'n bronnemateriaalpakket.**

Eers wanneer die leerlinge in die sekondêre standers in Geskiedenis onderrig word behoort hy/sy self geleidelik meer en meer die bronne te vind, mits daar gesorg word dat die bronne wel in die skool- en dorpsbiblioteek te vinde is.